Witzenberg
Herald

Volume 21 no. 22 | Friday, June 8, 2018 | R6.20

Ceres Paving & cement products
Tel: (023) 312 2908
Faks: 086 586 3648
erik@jrt.co.za
Building Blocks • Plaster Bricks
Face Bricks • Sand • Stone
Pavers • Vibracrete
COROBRIK STOCKIST

Tannie Ella van Ceres Tuiste word 100! 3

Museumroete stel nuwe webtuiste bekend 3

4-Dag weervooruitsig

Donderdag 7 Junie	Saterdag 9 Junie
5/18	6/15
Vrydag 8 Junie	**Sondag 10 Junie**
7/17	4/12

Koekedouwdam: 31,3%
Lesing geneem: Woensdag 6 Junie 2018

COOLTECH
Michael Smit 082-265-6828
cooltech@lando.co.za
Nuwe installasies, herstelwerk en dienste aan winkels, kafees en huishoudelike:
• Verkoelings-elemente
• Yskaste
• Koelkamers
• Vrieskamers

Witzenberg Herald vier vanjaar hul 21ste bestaansjaar

Telephone: (023) 316-2021 | Fax: (023) 316-2023 | Editor: 082-468-2649 | nuus@witzenbergherald.com | www.witzenbergherald.com

Nduli-boere kry hul eie plaas

OP Dinsdag 29 Mei is die geskiedkundige oordrag van die plaas Daytona in die aktes-kantoor geregistreer. Die nuwe eienaar van Daytona is Thembelitsha Farming (Pty) Ltd. VOOR: Day Ngwane, Monica Mokalakala, Tommy Mona, Langman Jeke (direkteur: Daytona Farming (Pty) Ltd), Gerrit van Vuuren (Joubert Van Vuuren Inc), Ruth Yisa (direkteur: Daytona Farming (Pty) Ltd), Zamekile Kalo (direkteur: Daytona Farming (Pty) Ltd), Nozabathini Nkamana, Michael Mkwenya en Fezeka Majiki (PALS). AGTER: Lennox Plaatjies (PALS), Michael Nyadhu, Sicelo Mbangula, Stefan du Plessis (direkteur en mentor: Elandsrivier Boerdery (Pty) Ltd), Tamsanqa Tinta en André Lotz (direkteur:Thembelitsha Farming (Pty) Ltd).

OP Dinsdag 29 Mei is die geskiedkundige oordrag van die plaas Daytona in die aktes-kantoor geregistreer.

Die nuwe eienaar van Daytona is Thembelitsha Farming (Pty) Ltd. Die meerderheids-aandeelhouer van Thembelitsha Farming is 'n maatskappy bestaande uit 11 swart boere van Nduli. Die ander aandeelhouer en kommersiële bestuurder van Thembelitsha Farming, is Elandsrivier Boerdery.

Die afgelope Sondagmiddag is die titelakte van die 228 hektaar plaas, wat die Daytona-dam insluit, aan die aandeelhouers oorhandig.

Groot dankbaarheid en opgewondenheid oor 'n nuwe toekoms is deur een van die direkteure, Ruth Yisa verwoord: *"We have travelled this road with PALS since 2015 and today we can see where it has brought us, to a great legacy and a bright future for us and our families"*.

Thembelitsha het reeds 6 hektaar knoffel gevestig en daar word beplan om 'n gemengde boerdery met vrugte, lusern en ander gewasse op die grond te vestig.

Stefan du Plessis van Elandsrivier het sy dankbaarheid uitgespreek vir die geleentheid om in 'n gees van samewerking, deel te kan wees van hierdie projek. Hy het ook tereg opgemerk "die harde werk om van hierdie projek 'n sukses te maak, begin nou".

Die transaksie was 'n paar jaar lank vertraag weens 'n hofappél deur een van die vorige eienaars en daarna moes daar ook tyd gegun word aan die staat wat 'n voorkoopsreg op die grond gehad het.

Na meer as drie jaar se gesprekke en aksies kon eienaarskap aan Thembelitsha Farming, wat Nuwe hoop beteken, oorgedra word.

Toe Gerrit van Vuuren Sondagmiddag die titelakte oorhandig, was die gevoel van hoop en 'n nuwe begin, bykans tasbaar.

Aandeelhouer Zamekile Kalo het as volg reageer: *"I thank God who brought us on this journey with PALS, we will continue together with our partners and PALS trusting God to bring us to success with our venture"*.

Lennox Plaatjies het namens Witzenberg PALS gesê: "Die Thembelitsha-projek is 'n voorbeeld van wat bereik kan word waar daar vertroue, wedersydse respek, samewerking en 'n verbintenis tussen swart opkomende boere en hul wit kommersiële vennoot is om grondhervorming tot almal se voordeel, te implementeer".